

Goeie Vrydag

10 April 2020

Dis goeie Vrydag. Maar vir meeste van ons voel dit dalk nie so nie. Daar was nie vanoggend die gewone gejaag om betyds by die kerk te wees om jou eie plekkie in die kerkbank te kry nie. Daar staan nie 'n lang tafel vol nagmaal kelkies en klein gesnyde blokkies brood waar jy nou sit nie. Die gemeenskap van gelowiges is nie saam met jou in die kerkgebou vergader om hierdie dag te onthou nie. Daar is 'n prentjie wat die rondte doen op sosiale media van die Laaste Avondmaal, maar Jesus en die dissipels sit nie aan tafel nie en onder aan staan: cancelled. Gekanselleer. En dalk is dit die emosie wat jy ook vanoggend het. Goeie Vrydag voel gekanselleer.

Daar is egter niks verder van die waarheid af as dit nie. Wat ons vandag onthou en herdenk: Jesus se kruisiging help ons juis om sin te maak van oomblikke soos hierdie. Oomblikke van verlies. Van seer. Van alleen wees. En al wat ons vandag gaan doen, is om bewus te word hiervan. Van die waarde van Goeie Vrydag in 'n tyd soos hierdie.

Ons het verskillende stasies geskep met beelde, tekste, gedagtes en kort gebede om jou te help om hierdeur te dink. Jy kan dit saam met die video kyk of slegs net deur die teks lees wat hier beskikbaar gestel is. Dit is jou keuse. Ons enigste behoefte is net dat jy deel van hierdie proses sal word en dit nie net lees (of kyk) nie, maar werklik saam met ons hieroor sal dink en bid.

Stasie 1 – Jesus eet saam met Sy dissipels (Nagmaal)

“Dit is my liggaam. Dit is my bloed”



Lees: Lukas 22:14-20

Jesus het die nagmaal ingestel as 'n teken, 'n herinnering van dit wat Hy gedoen het vir ons. Maar dit is ook 'n herinnering van dit waardeur Hy is. Dis 'n herinnering dat ons nie alleen is in die swaarkry en seer wat ons nou beleef of al beleef het in die verlede of in die toekoms gaan beleef nie.

Eet self brood en drink sap / wyn

Stasie 2 – Jesus bid in Getsemane

“My siel is diep bedroef, tot die dood toe.”



Lees: Matteus 26:36-41

Jesus het hartseer en angs tot in die mees ekstreme vorm toe geken. In die tuin vind ons Jesus bang en alleen. Miskien is dit emosies waarmee jy op die oomblik identifiseer: bang en/ of alleen. Ons vertrou in die Vader leer ons nie dat Hy antwoorde bied vir daardie emosies nie, maar dat Hy saam met ons sit en eenvoudig saam met ons voel. Dit sal immers nie die eerste keer wees wat Hy so voel nie.

Neem 'n oomblik, sit met jou emosie. Weet dat jy nie alleen sit nie.

Stasie 3 – Jesus verraai deur Judas

“Aan tafel met Sy verraaiers”



Lees: Johannes 13:21-27

Ironies genoeg, in hierdie tyd van afsondering, het ons meer tyd as gewoonlik om oor ons verhoudings na te dink. Sommige is positiewe herinneringe, emosies, ander is dalk minder positief en laat ons met 'n bitter smaak. Een van Jesus se beste vriende het hierdie bitter smaak gelaat, en steeds het Jesus saam met hom geëet. Hy was realisties oor die verraad, maar dit het hom nie gekeer om sy lewe te leef op sy eie terme nie.

Kies nou om jou gebroke verhoudinge te erken, maar kies ook om aan te hou eet, aan te hou wees, aan te hou verhouding bou met ander.

Stasie 4 – Jesus veroordeel deur Sanhedrin
“Sy dood verstregtel in godsdiens en politiek”



Lees: Luk 22:66-71

Miskien was kerk nog altyd vir jou ’n verwelkomende en veilige spasie. Vir baie is die ervaring egter anders. Vir Jesus was die ervaring anders. Vir Jesus en vir ander of dalk vir jou was hul grootste ervaring van geweld dit wat deur die kerk self toegedien is in die naam van God. Jesus se dood is verstregtel in die godsdiens, in die kerk van die tyd.

In hierdie tyd word ons gedwing om anders te dink oor kerk en wat kerk beteken. Mag dit ’n genade oomblik vir ons almal wees om vry te kom van die wêreldse beelde van wat kerk is of behoort te wees.

Stasie 5 – Petrus verloën vir Jesus

“Ontkenning wanneer ons nie die werklikheid in die gesig kan staar nie”



Lees: Matteus 26:69-75

Ontkenning is die oorlewingsmeganisme wat ons gebruik wanneer die realiteit te moeilik is om te aanvaar. Dit is dikwels wat ons aan die lewe hou. Jesus het dit voor die tyd van Petrus geweet en ook na die tyd geken. Later sou Hy Petrus ook kans gee om dit reg te maak deur drie keer te erken dat Hy Jesus liefhet. Maar in daai oomblik het Jesus Petrus toegelaat om te doen wat hy moes doen om aan die lewe te bly – en hom steeds liefgehad al was dit sekerlik seer.

Jesus ken jou mens-wees. Hy verstaan jou dade beter as wat jy dit self verstaan.

Stasie 6 – Pilatus veroordeel vir Jesus

“Sy lewe in magtige (gewasde) hande”




Lees: Matteus 27:22-24

Nou, meer as ooit te vore dalk, is ons bewus van hoe direk en vinnig die besluite van die regering ons lewens raak en onherroeplik verander. Ons is bevoorreg om te weet dat ons regering tans en in die lig van hierdie pandemie werklik vir die beswil van al die landsburgers probeer optree. Ander in ander lande het nie noodwendig dieselfde voorreg nie en ook ons het in die verlede nie dieselfde voorregte gehad nie. Jesus het direk beleef hoe dit voel wanneer die regering jou faal. Dit het Sy lewe gekos.

Erken vir 'n oomblik watter emosies jy beleef wanneer jy oor die regering van ons land dink. Is dit geregverdig? Tree nou in vir ons regering en ook die van ander lande.

Stasie 7 – Jesus word gemartel en met 'n doringkroon gekroon

“Die geweld van Sy dood”



Lees: Johannes 19:1-3

Die laaste maande is geken deur verskeie verhale van geweld teen vroue en kinders. Ondenkbare hoeveelheid mense word elke dag blootgestel aan huishoudelike geweld. Ook nou tydens hierdie inperking is ons diep bewus van mense se huislike realiteite en dit waaraan hulle nou blootgestel word – sonder uitkoms. Jesus ken hierdie pyn. Hy ken ook die pyn in die binneste van die wat die geweld toedien.

As jy nog nie hieroor gehuil het nie, huil nou. Letterlik of Figuurlik. Vir jouself of vir ander.

Stasie 8 – Simon van Sirene help die Ander

“Om die Ander se kruis te dra”



Lees: Lukas 23:26

In hierdie dae is ons van voor af bewus van die wat onbaatsugtig optree; wat help sonder dat daar vir hul enige wins of voordeel in is; wat omgee, weggee, teruggee sonder dat daar van hulle gevra is. Jesus het van Sy dissipels gevra om hul eie kruis op te neem, maar Simon van Serene neem nie net sy eie kruis op nie, maar ook die Ander s'n.

Ons is diep dankbaar vir elkeen, reg oor die wêreld wat kies om ander te dien. Mediese personeel, veiligheidspersoneel, leiers. Mense wat juis minder tyd by die huis spandeer in hierdie tyd. Ons erken ook dat ons eerste instink is om selfsugtig op te tree en vra die Heilige Gees om ons te lei sodat ons sal weet waar ons kan en moet dien.

Stasie 9 – Jesus sterf

“Dit is volbring”

Lees: Lukas 23:44-46



Jesus se dood bring die groot paradoks na vore: Sy liggaam is nie meer met ons, maar met die skeur van die voorhang in die tempel het ons nou groter toegang tot God as nog ooit van te vore.

In 'n tyd wat ons gedwing word om oor kerk te dink as die liggaam, eerder as die gebou is ons van voor af bewus van hoe gebroke die liggaam van Christus op aarde was en steeds is.

Met die voorhang wat skeur maak Jesus Homself en die Vader beskikbaar vir almal, maar ons kies om dit weer in 'n gebou te gaan toesluit.

In die laaste paar dae het die “voorhang” van voor af geskeur. Ons het van voor af toegang op enige plek of enige manier tot die Vader. Dit was nooit anders, maar vir die eerste keer in ons leeftyd word ons gedwing om die betekenis van Jesus se sterfte ernstig te neem. Geen gebou. Geen tempel. Net die liggaam. Christus se liggaam gebreek vir ons. En ons die liggaam van Christus nou op aarde.